# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

HG **101-1/2**

**30 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE TAAL HG: Vraestel 2

101 1 2 HG

**COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU***
**APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI***

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy begin skryf.

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die **INHOUDSOPGAWE** en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Jy moet VYF vrae in totaal beantwoord.
- Antwoorde op opstelvrae mag nie 350 woorde oorskry nie.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

– 3 gedigte (1 onvoorbereid en 2 voorbereid)

– 1 dramavraag

– 1 prosavraag

## AFDELING A
## POËSIE

### ONVOORBEREIDE GEDIG
### VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vraag (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 1 | ***Egbreek*** | 10 punte |
| Vraag 2 | ***Dis-ability*** | 10 punte |

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte:

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 3 | ***Elegie vir my toekomstige vrou*** | |
| Vraag 4 | ***Lied van die kinders*** | |
| Vraag 5 | ***Busrit in die aand*** | |
| Vraag 6 | ***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** | 2x15=(30) |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## DRAMA
### *Die Keiser* – Barto Smit

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) doen **MOET** jy die langer tipe opdrag in AFDELING C doen.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 7 | (Kontekstuele Vrae) | 30 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 8 | (Paragraafvraag) | 30 punte |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 9 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 10 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 11 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 12 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |

**OF**

**Paragraaftipe Vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 13 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 14 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 15 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 16 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |
| | | **TOTAAL VIR AFDELING C:** | **[30]** |

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- 3 gedigte (1 onvoorbereid en 2 voorbereid)
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN paragraaftipe vraag beantwoord uit Afdelings B en C.

## AFDELING A
### POËSIE

### ONVOORBEREIDE GEDIG
### VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vrae (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

### VRAAG 1

Lees die onderstaande gedig, ***EGBREEK*** deur Everwyn Wessels, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Egbreek**

Hy vat haar, en hy gooi haar weg;
Sy was half-goed en hy half-sleg.
En op die kruispad speel 'n kind,
in weer en wind.

Uit:: ***Groot Verseboek 2000***, (Kaapstad: Tafelberg)

1.1 Dink jy die titel hou verband met die inhoud van die gedig? Motiveer. (2)

1.2 Na wie verwys **hy** in r.1? (1)

1.3 In r.3 – 4 word 'n prentjie geskets van 'n verwaarloosde kind. Wat word hierdeur geïllustreer? (1)

1.4 Wat is die funksie van die allitererende w-klank in die slotreël? (1)

1.5 Word **gooi** in r.1 letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer. (2)

1.6 Waarom is **kruispad** in r.3 'n goeie woordkeuse binne die gedigkonteks? (1)

1.7 Stem jy saam met die spreker se siening in r.2? Motiveer. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 2

Lees die onderstaande gedig, ***DIS-ABILITY*** deur Peter Snyders, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vraag.

**Dis-ability**

Ek sit hiesa elke dag
onder die boem
met my doppie,
ek henner niemand nie.

Elke end van die maand
trek ek disability – nei,
war veterans –
dit betaal meerderer.

Ma kry nog maintenance grant vir Kettie,
maar ek is specially bly
dat Ma oek nou Old Age trek –
dis darem 'n ietsie meerder.

Ja, ek is heeltemal heppie
hier tussen die groente;
die goewerment sorg:
hy móét.

uit: Groot Verseboek 2000, (Kaapstad: Tafelberg)

2.1 Die druk op regerings om hul hulpbehoewende landsburgers finansieel te ondersteun, neem toe. Meer en meer gesinne raak finansieel afhanklik van regeringshulp deur die verskeie toelaes wat hulle maandeliks ontvang. Wat is jou mening hieroor?

Bespreek bogenoemde uitspraak in 100 – 120 woorde deur te verwys na:

- Die titel
- Die spreker se standpunt en houding
- Die hulp wat hulle ontvang, en die finansiële las op die regering
- Jou eie standpunt oor hierdie verwagting dat die regering moet sorg vir alle hulpbehoewendes **[10]**

**EN**

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte:

### VRAAG 3

Lees die volgende gedig, ***ELEGIE VIR MY TOEKOMSTIGE VROU*** deur A. Letoit, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Elegie vir my toekomstige vrou**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
: dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)
maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly : niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou : gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en

nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou [hahaha!]
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek :
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek.

Uit : ***Suburbia***

3.1 Die woord **ek** (r.1) word telkens herhaal. Wat probeer die spreker hierdeur aandui? (1)

3.2 Waarom is dit vreemd dat die gedig in die verledetydsvorm geskryf is? (1)

3.3 3.3.1 Is die spreker se herinnering aan die ontmoeting met sy geliefde vir hom duidelik? (1)

3.3.2 Haal een woord uit die eerste strofe aan wat jou antwoord by 3.3.1 illustreer. (1)

3.3.3 Hoe kontrasteer dit met die eerste twee versreëls van strofe 1? (1)

3.4 Watter woord in die titel dui daarop dat die spreker nie 'n huweliksmaat in die vooruitsig stel nie? Motiveer. (2)

3.5 Waarom is die gebruik van die aandagstreep in r.14 funksioneel? (1)

3.6 Wat suggereer die akuutaksentteken op **tóg** in r.29 omtrent die huwelik tussen die ek en die aangesprokene? (1)

3.7 Watter emosie word deur die uitroepteken in r.44 uitgebeeld? (1)

3.8 Wat suggereer die spreker in r.39 wanneer hy **leef** tussen hakies byvoeg? (1)

3.9 In elk van die vier strofes is daar één woord wat die stappe van ontwikkeling in hierdie liefdesverhouding beskryf. Skryf slegs TWEE van hierdie omskrywende woorde onder mekaar neer. (1)

3.10 'n Opvallende kenmerk van die gedig is die veelvuldige gebruik van parentese. Wat is die invloed hiervan op die vloeiende gang van die gedig? (1)

3.11 Waarom dink jy verwys die spreker na **jan van riebeeck en oom paul** in r.26? (1)

3.12 Huldig jy dieselfde opinie oor die huwelik as die spreker? Motiveer. (1)
**[15]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig, ***LIED VAN DIE KINDERS*** deur Lina Spies, noukeurig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**Lied van die kinders**

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
'n kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete Ier
op 'n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak

Laat die kindertjies na My toe kom,
gevang in die kruisvuur by Ma-alot –
bang hasies in 'n bos wat brand.
Laat hulle kom die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in 'n stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk :
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hulle teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.

Uit : ***Dagreis,*** Human en Rosseau

4.1 Waarom is die titel *Lied van die kinders* ironies? (2)

4.2 Watter verwantskap tussen Jesus en kinders word geïllustreer met **kruisie** in r.12 en **kruisvuur** in r.19? (1)

4.3 Daar word telkers in die gedig binne historiese konteks na kinders verwys.

4.3.1 Noem een van die oorloë waarin die kinders gely het. (1)

4.3.2 Wat is die funksie van hierdie geskiedkundige verwysings binne die gedigkonteks? (1)

4.4 Dink jy dat **grootmense** in r.29 'n goeie woordkeuse is? Motiveer. (2)

4.5 **Kindertjies** (r.1,7,13) word **kinders** in r.34-36. Waarom dink jy het hierdie verandering plaasgevind? (1)

4.6 Waarom word die slottoneel in die vierde strofe in 'n negatiewe lig beskryf : **toe in 'n stal se stank van mis en bloed**? (1)

4.7 Die b-klank is dominant in r.16. Wat is die funksie hiervan? (1)

4.8 Skryf die tweeledige betekenis van r.38 neer. (2)

4.9 Elke strofe word met 'n punt afgesluit, behalwe strofes 5 en 7. Wat is die funksie van hierdie ontbrekende leestekens? (1)

4.10 Dink jy die slotstrofe bied 'n gepaste einde aan die gedig? Motiveer. (2)
**[15]**

**OF**

## VRAAG 5

Lees die onderstaande gedig, ***BUSRIT IN DIE AAND*** deur E. Eybers, noukeurig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**Busrit in die aand**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby ... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor 'n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit :
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Uit : ***Die stil avontuur,*** JL van Schaik

5.1 Haal 'n woord uit die eerste strofe aan wat aandui dat die werkers in 'n morbiede stemming verkeer. (1)

5.2 **Elk** in r.1 word uitgehef deur voorplasing. Wat is die funksie hiervan? (1)

5.3 'n Vergelyking kom voor in r.5-6. Noem die TWEE beelde wat met mekaar vergelyk word. (2)

5.4 Dink jy dat **slawe** in r.9 'n gepaste woordkeuse is? Motiveer. (2)

5.5 In watter opsig kontrasteer die inhoud van r.13-14 met die res van die gedig? (2)

5.6 Die herhaling van die m-klank in r.16 het 'n beklemtoningsfunksie. Wat wil die spreker met hierdie herhaling beklemtoon? (1)

5.7 Watter woord in strofe drie sluit aan by die bus as kaperskuit? (1)

5.8 In watter opsig sluit die strofebou by die eentonige roetine van die werkers aan? (1)

5.9 Waarna verwys **Skaduwee-skimme** in r.4? (1)

5.10 Op watter wyse word die sukkelende rit in r.12 beklemtoon? (1)

5.11 Het hierdie gedig vir jou as voornemende werker geïnspireer of afgekeer om in die stad te gaan werk? Motiveer. (2)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 6

Lees die volgende gedig, ***TROETELWOORDE VIR OGILVIE DOUGLAS*** deur M. van Niekerk, noukeurig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**troetelwoorde vir ogilvie douglas**

*('n bosbouer van 'n nedersetting by Grabouw het op 'n reëndag met sy mongoolkind op sy skoot gesit)*

kyk oggeliefie druppeldou
jakkals trou met wolf se vrou
ag die stomme wêreld wou
dat jy my kind sou wees
my kind hier in ons eie dorp
agter die bosrug van grabouw
my droomoogkind
met jou oophangmond
wat kwyl
soos heuningdruppelsdou
kyk daar's druppels op jou mou
kyk daar's druppels teen die ruit
o oggeliefie douglas
elke druppel is 'n sonnetrou
dit reën
jou pa kan nie vandag
sy boom gaan kap
o nooit volprese God
wat ook oor wurms
wag moet hou
seën die oggeliefiekind van my
en my sy pa
en daar sy maltrapma
o oggeliefie druppeldou
o jakkals trou met wolf se vrou

Uit : ***Sprokkelster***, **Human en Rosseau**

6.1 Watter wêreld word deur die uitdrukking in r.2 opgeroep? (1)

6.2 Wat is die funksie van die subtitel in hierdie gedig? (1)

6.3 Wat suggereer **stomme** in r.3? (1)

6.4 Haal 'n frase aan wat bewys dat die vader baie lief vir sy kind is. (1)

6.5 Reëls 9 en 15 is korter as die ander versreëls. Wat is die funksie hiervan? (1)

6.6 In r.6-10 gebruik die vader 'n woord wat op versagtende wyse 'n kenmerk van sy mongoolkind beskryf. Skryf hierdie woord neer. (1)

6.7 Waarom is die gebruik van **wurms** in r.19 gepas? (1)

6.8 Watter stemming word geskep deur die herhaling van die geronde “oo” -en “ou” klanke in die gedig? (1)

6.9 Watter emosie spreek uit die uitroep **ag** in r.3? (1)

6.10 Waar kom die wending in die gedig voor? Motiveer. (2)

6.11 Die vader vergelyk die seun se kwyl met heuningdruppelsdou in r.9-10. Is hierdie assosiasie gepas? Motiveer. (2)

6.12 Sou jy onder dieselfde omstandighede God ook geprys het? Motiveer. (2)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## DRAMA

***DIE KEISER*** **– BARTHO SMIT**

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vraag).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) doen, sal jy verplig wees om die langer tipe opdrag in AFDELING C te doen, en andersom.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

## VRAAG 7

Bestudeer die volgende gedeelte uit die drama noukeurig en beantwoord daarna die vrae daaroor.

| | |
|---|---|
| KULTUUR: | En dis nie al nie. (*Hy loop na die trone, gevolg deur die ander twee.*) Hierdie trone is albei soliede goud – elke sentimeter daarvan. Die motiewe, soos julle kan sien, is verteenwoordigend van Ekwator: Ons voëls; ons blomme; ons diere... (*Terwyl hulle om die trone stap, beweeg die Hofnar op sy hurke voor hulle uit en sorg dat die trone tussen hom en hulle bly.*) |
| DIPLOMAAT: | En alles van juwele en edelgesteentes? |
| KULTUUR: | Alles juwele en edelgesteentes. Om presies te wees: Twee-en-twintigduisend-sewehonderd-drie-en-dertig juwele en edelgesteentes. |
| DIPLOMAAT: | Fantasties. |
| KULTUUR (*wys verder*): | Die leeu; die tier ... |
| MAARSKALK (*ontsteld*): | U edele! |
| KULTUUR: | Wat's dit nou, Maarskalk? |
| MAARSKALK: | Die Tier! Kyk! |
| KULTUUR: | Wat van die tier? |
| MAARSKALK: | Hy's gróén! |
| DIPLOMAAT: | Jou werklik. |
| MAARSKALK: | Die Groen Tier! |
| KULTUUR: | Nonsens. Dis blote toeval. |
| MAARSKALK: | As dít toeval is ... |
| KULTUUR: | Kom, Maarskalk, jy laat jou senuwees met jou op loop sit. Dis 'n stukkie inlegwerk van smarag – dis ál wat dit is. |
| DIPLOMAAT: | Dis manjifiek. Wie was die kunstenaars? |
| KULTUUR: | Net die beste – almal ingevoer uit die buiteland uit ... |
| MAARSKALK: | Dis alles goed en wel en baie wonderlik, u Edele – maar wat het geword van Sy Majesteit se beskawingsprogram? Hoe ver het dié gevorder? |
| KULTUUR: | Sy Majesteit is 'n idealis en 'n dromer. Die volk is nie geïnteresséérd in klere nie – hulle kry te warm. En wat die honger betref – 'n volk sorg vir homself: Hy verneuk en besteel die Staat; en as hy dít die dag nie meer kan doen nie, dan vreet hy uintjies en katte of muise ... |
| MAARSKALK: | Of ministers en keisers. (*Die Hofnar het op die Keiser se troon gaan sit, onopgemerk deur die ander.*) |
| KULTUUR: | Dít Maarskalk, is jou en die leër se werk om te verhoed. |
| MAARSKALK: | Ek sê vir jou die mense is honger! Dís waarom hulle in opstand is! En g'n leër kan 'n honger volk keer nie! En ek dink dis tyd dat Sy Majesteit dit moet weet ... |
| KULTUUR: | Of dat ons 'n veldmaarskalk kry wat sy werk kan doen. |
| MAARSKALK: | Jy bedoel ...? |
| KULTUUR: | As jy minder van jou leër se wapens verkwansel ... |
| MAARSKALK: | Dit lieg jy! |
| KULTUUR: | Sy Majesteit mag 'n dromer wees, Maarskalk – ék is nie. Waar kom die goue toilette vandaan wat jy verlede week nog ... |
| MAARSKALK: | Jou vuilgoed! En jy dink seker ek weet nie van jou goue ... |

b.o.

KULTUUR: Maarskalk! (*Die Maarskalk swyg.*) Ons verstaan mekaar, Maarskalk. Dis nie nodig om mekaar oor en weer te beskuldig nie.

DIPLOMAAT: Maar hoe gaan ons verhoed dat ons gaste die gepeupel sien, u Edele? U sien – ek het vir hulle almal vertel van Sy Majesteit se beskawingsprogram en hoe gelukkig die hele volk is. Maar nou – as die volk hongerly en in vodde loop ...

KULTUUR: Niks om jou oor te bekommer nie, Jongman. Ek en die Veldmaarskalk sal sorg dat ons gaste sien wat jy vir hulle gesê het hulle sal sien – die beskaafste land en die gelukkigste volk op aarde. Of hoe sê ek, Maarskalk?

MAARSKALK: Natuurlik.

HOFNAR: Wat het die apie gesê toe hy om die tak geswaai het, Korporaal? (*Die drie Ministers swaai om en staar 'n sekond of twee versteend na die Nar op die Keiser se troon.*)

KULTUUR: Jy!

HOFNAR: Die einste, u Ydele.

7.1 In r.2 verwys Kultuur na die feit dat die trone albei van **soliede goud** vervaardig is.

7.1.1 Op watter land word hier gesinspeel? Motiveer. (2)

7.1.2 Watter probleem van ons moderne tyd is hier ter sprake? (1)

7.2 Wat is die funksie van die herhaling van **ons** in r.4? (1)

7.3 Kyk na die Hofnar se handeling in r.5-6.

7.3.1 Waarom tree Hofnar hier só op? (1)

7.3.2 In watter opsig is hierdie handeling van Hofnar later in die drama funksioneel? (1)

7.4 Watter gevoel van Diplomaat dra hy oor met sy vraag in r.7? (1)

7.5 In r.8-10 spel Kultuur presies uit hoeveel juwele en edelgesteentes vir die trone gebruik is. Watter karaktertrek van hom kom hierdeur na vore? (1)

7.6 Kyk na al die korter sinne in r.11-21.

7.6.1 Wat is die funksie van hierdie groot aantal opeenvolgende kort sinne? (1)

7.6.2 Watter ander skryftegniek word hier gebruik om bogenoemde funksie te ondersteun? (1)

7.7 Wat word met die ellips (stippels) in r.21 aangedui t.o.v. Maarskalk se spreekbeurt? (1)

7.8 In r.22 sê Kultuur vir Maarskalk: **... Jy laat jou senuwees met jou op loop sit**. Stem jy saam met hierdie opmerking? Motiveer jou antwoord. (2)

7.9 Kultuur se opmerking in r.25 is ironies as dit vergelyk word met vroeëre woorde van hom in die aangehaalde gedeelte. Verduidelik die ironie. (2)

7.10 Waarom beantwoord Kultuur nié Maarskalk se vraag in r.27-28 direk nie? (1)

7.11 In r.29 sê Kultuur: **Sy Majesteit is 'n idealis en 'n dromer**. In watter opsig is die Keiser (i) 'n **idealis** en (ii) 'n **dromer**? (2)

7.12 Waarom kan ons sê dat Maarskalk se woorde in r.38-40 'n beskuldiging teenoor Kultuur is? (1)

7.13 Kultuur se woorde in r.48 impliseer dat hy en Maarskalk voëls van eenderse vere is. Verduidelik waarom hierdie stelling waar is. (2)

7.14 Die ellips in r.53 suggereer dat Diplomaat nie sy sin voltooi nie. Voltooi dié gedagte soos wat jý dit sou doen as jy Diplomaat was. (1)

7.15 Kyk goed na Kultuur se woorde in r.54-57.

7.15.1 Verduidelik watter aktuele probleem van ons moderne tyd kom hier na vore. (1)

7.15.2 Skryf 'n woord uit hierdie gedeelte neer wat verband hou met die sentrale tema van hierdie drama. (1)

7.15.3 Verduidelik die verband van die woord wat jy by 7.15.2 neergeskryf het en die sentrale tema. (2)

7.16 Gee een woord om die emosie te verduidelik wat opgesluit is in die uitroepteken in r.62. (1)

7.17 Hofnar gebruik dikwels die aanspreekvorme **Korporaal** en **u Ydele** vir Maarskalk en Kultuur. Wat bereik hy met dié aanspreekvorme en waarom bereik hy dit? (2)

7.18 Watter funksie vervul Hofnar met sy vraag in r.59? (1)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 8**

8.1 Die ruimte waarbinne *Die Keiser* afspeel, is 'n land met die naam Ekwator. Telkens is daar egter ook 'n ander ruimte in die agtergrond wat ter sprake kom, naamlik die plek Utopia. Bespreek hierdie twee lande en hoe hulle verskil in ongeveer 120-150 woorde met spesifieke aandag aan:

- Die implikasie van die twee plekname
- Die onderskeie leef- en regeerwyses in die twee lande
- Die twee leiers van hierdie lande (10)

**EN**

8.2 Sentraal in *Die Keiser* is die leuen en uiteindelik word die leuens in dié drama ook 'n uitbeelding van die universele leuen wat ons in die moderne, hedendaagse wêreld aantref. Bespreek hierdie stelling in ongeveer 200-250 woorde en gee spesifiek aandag aan die volgende hoofpunte:

- Leuens wat die ministers vertel
- Die leuen wat die Keiser leef
- Die Wewer se leuen
- Die valsheid van en onsekerheid oor uitsprake en handelinge van moderne politieke leiers soos gesien kan word in kwessies soos Irak, Israel en Palestina, Zimbabwe en verkiesings in Afrika. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.

- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 9 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 10 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 11 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 12 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |

Beantwoord hier Vraag 9 óf 10 óf 11 óf 12, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Hou duidelik by die vereiste lengte en gee baie aandag aan die taal en styl wat jy gebruik. Lees telkens die gegewe teks deeglik deur en beantwoord daarna die vrae wat daaroor gestel is direk en in keurige taal.

## VRAAG 9

***Kringe in 'n Bos*** **– Dalene Matthee**

"Jy het gedink jy sou onder ons neuse 'n eie besigheid kon begin." MacDonald het met sy vuis op die dorpsplan geslaan. "Jy het gedink ons is aan die slaap, nè? Gedink ons sal stilstaan dat jy ons in die rug kan steek, nè? "

"Waar gaan al hierdie dinge ophou, MacDonald? " het hy gevra, ineens sat vir alles. "Op die ou end sal dit 'n rugstekery wees wat nie end kry nie. Hoe lank dink julle gaan julle my mense nog in die Bos hou?" Die oues sterf uit van ouderdom of moedeloosheid, die kinders kom moeg in die wêreld. Weet jy wat dit is om jou hande aan 'n stuk hout te sit om dit uit te sleep waar 'n os dit nie kan uitkry nie? Het jy al ooit jou kos moes deel sodat daar iets vir jou lyf oorbly vir môre se uitry dorp toe om 'n tiekie se suiker en 'n tiekie se koffie te verdien? Hoe lank gaan die kinders nog tevrede bly?"

Saul het stadig uit sy stoel opgestaan. "En nou is julle goud ook 'n misoes, MacDonald. Nou sal die boswaens moet inry om te vergoed vir die toegegroeide erwe en stampmeulens en alles. Hoe lank dink jy gaan julle hulle nog honger hou voordat die haat hulle vol het? Hoe lank voordat hulle nie meer verder kan nie? Nie meer verder wil nie? Of reken julle om hulle so in te breek dat hulle aan die einde saam met die Bos inmekaarstort? Het julle al ooit daaraan gedink..."

Maar hy het nie verder gepraat nie. MacDonald het skielik agter hom na die deur se kant toe gestaan en gelyk soos een wat skrik. Toe Saul omkyk, staan Kate in die deur.

Duisend keer het hy hom dit voorgestel hoe hy sal reageer as hy haar ooit weer sien. Nou het dit gevoel of sy liggaam skielik apart van sy verstand funksioneer: sy liggaam wou na haar gryp en sy verstand wou by haar verbyloop sonder omdraai.

"Hallo, Saul."

"Go home, Kate!"

Dit was ou woorde wat onder ou stof opstaan. Go home, Kate. Hoeveel keer het hy MacDonald dit nie vir die nuuskierige langbeenkind hoor sê nie? 'n Ander Kate het daar in die deur gestaan soos een wat te moeg is om te draai en te loop. Hy het gewonder hoe lank sy al daar gestaan het? Sy was bleek en maerder...

"Hallo, Kate."

MacDonald het die tafel skeef gestamp in sy haas om om te kom. "Kry jou loop, Barnard! Ek is klaar met jou, en my dogter mag nie ontstel word nie, sy is nie gesond nie!"

Hy het verby MacDonald gekyk. "Hoe gaan dit met jou, Kate?"

"Goed. Met jou?"

"Goed." Hy het geweet sy weet dat hulle vir mekaar lieg.

"Go home, Kate!"

9.1 Na wie verwys die **ons** in r.3? (1)

9.2 Hoe wou MacDonald die **dorpsplan** (r.2) gebruik om Saul te mislei? (2)

9.3 Watter frase in r.3 – 13 gebruik dui daarop dat Saul hom sterk met die Bosmense identifiseer? (1)

9.4 9.4.1 Dink jy MacDonald is bewus van die haglike toestande waarin die houtkappers geleef en gewerk het? Motiveer. (2)

9.4.2 Haal 'n sin aan as bewys dat die houtkappers moeilik kop bo water hou. (1)

9.5 Wat is die funksie van die ellips in r.22? (1)

9.6 9.6.1 Skryf die frase uit r.26 neer wat op oordrywing dui. (1)

9.6.2 In watter opsig is hierdie woorde 'n aanduiding van innerlike konflik wat Saul ervaar het? (2)

9.7 **Go home, Kate** (r.32;47). Verduidelik by watter geleentheid het Saul vir MacDonald hierdie woorde ook hoor sê. (2)

9.8 Saul bestook vir MacDonald met vrae (r.5 – 22). Wat probeer hy hierdeur bereik? (2)

9.9 Saul wou sy eie besigheid begin. (r.1-2)

9.9.1 Wat sou die aard van hierdie besigheid wees? (1)

9.9.2 Noem TWEE van die taktieke wat MacDonald ingespan het om Saul se besigheidsplan te dwarsboom. (2)

9.9.3 Het MacDonald uiteindelik in sy poging geslaag om Saul se besigheidsplanne in die wiele te ry? Motiveer kortliks. (2)

9.10 In die aangehaalde uittreksel is MacDonald by TWEE geleenthede in 'n woedebui. Wat was die oorsaak hiervan die TWEEDE keer? (1)

9.11 **Hoe lank dink julle gaan julle my mense nog in die Bos hou** (r.7-8). Word hierdie woorde van Saul letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer. (2)

9.12 Watter finale besluit het Saul geneem na hierdie ontmoeting met MacDonald? (1)

9.13 Wat was die werklike rede waarom MacDonald enige verbintenis tussen Saul en sy dogter wou verhoed? (2)

9.14 Saul ervaar teenstellende gewaarwordings toe hy Kate weer sien. Verduidelik. (2)

9.15 Dink jy die slot van die verhaal suggereer 'n sprokiesagtige, gelukkige liefdesverhouding tussen Saul en Kate? Motiveer. (2)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 10

***Fiela se Kind*** **– Dalene Matthee**

Bestudeer die volgende tekste en beantwoord die vrae:

Die man het die trommel op sy skouer gedra. Die vrou het die skoene gedra, en 'n ent buite die dorp het hulle 'n lantern en 'n knapsak onder 'n bos uitgehaal en die vrou het dit ook verder gedra.

Hulle het eers nie met hom gepraat nie, hom net geloop en kyk en kyk asof hulle vir hom bang is. Hy het ook nie met hulle gepraat nie, ook nie gehuil nie, net geloop.

Toe die konstabel kom sê het hy moet uit die kamer kom, het die lange in die gang gestaan met die trommel. Die man en die vrou en die magistraat het uit 'n ander kamer gekom, die lange het die trommel vir die man gegee en toe hulle wou loop en hom saamneem, het hy sy rug teen die muur gegooi en geskree. Die magistraat het hom vererg en hom aan sy skouer van die muur af weggetrek en gesê hy wil geen moeilikheid hê nie.

Toe het hulle begin stap.

Sy ma het uitdruklik gesê dis 'n lieg, hy is nié die bosvrou se kind nie, en nou het hulle kom sê hy is die kind en die ander vrou is sy ma en die man is sy pa. Hulle sê sy naam is Lukas. Sy naam is nie Lukas nie. Sy naam is Benjamin Komoetie. Hy het dit vir die magistraat gesê, hy het dit vir hulle geskree toe hy in die gang gestaan het, maar niemand het na hom geluister nie. Niemand wou hom glo nie.

Hulle het geloop en geloop en geloop met 'n pad wat al dieper die Bos insukkel. Hy wou vra waar die olifante is, maar hy wou nie met hulle praat nie.

"Elias. . . " Die vrou het nog altyd verskrik gelyk. "Dink jy nie hy's moeg nie?"

"Is jy moeg, Lukas?"

Hy het net voor sy voete bly kyk. Hy is nie Lukas nie. Sy ma het gesê dis helwaarts met die lange as hy hom nie Saterdag huis toe bring nie. Hoe gaan hy by die huis kom?

"Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou?" het die man gevra.

Hy het nie geantwoord nie, net vinniger geloop. Maar die man het hom ingehaal.

"Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trommel?"

"My goed." Gelukkig was die vyf sjielings in sy sak.

Die vrou het agter geraak en die man moes haar kort-kort roep. Haar molbruin hare het in toutjies onder haar kopdoek uit begin hang.

Hy was later moeg, want die pad wou nie ophou nie, maar hy wou nie sê hy's moeg nie. Die man het die trommel van die een na die ander skouer verskuif.

"Ek dink hy's moeg, Elias."

"Ons kan by Bokbaard-se-draai rus."

Sy ma het gesê die dag sal kom waarop net die Here hulle kan help. Hy het geweet dis daardie dag, al het hy nie geweet waar die Here is nie, maar sy ma sou weet. Hy het geweet hy is wit en sy ma en sy pa en Dawid en Tollie en Emma en Kittie is bruin. Hy is die hanskind en daarom is hy wit.

"Hoekom is die kind so sonder tong, Elias?"

"Hy's nog vreemd, hy sal regkom."

Hulle het gepraat asof hulle dink hy kan hulle nie hoor nie.

"Mooie kind, Elias."

"Ja."

"Is hy nie 'n bietjie maer nie?"

"Aard na Nina."

Die magistraat het gesê hy is van nou af weer wit. Hy was nog altyd wit. En hulle hoef nie te dink hy sou in daardie bos bly nie; hy is nie 'n olifant nie. Hy sou uitvind met watter pad hulle gekom het en hy sou huis toe loop al neem dit hom 'n week om daar te kom.

"Vra vir hom of hy nie moeg is nie, Elias."

"Is jy moeg, Lukas?"

Sy naam is nie Lukas nie.

"Ons sal maar weer moet pad langs hou, Barta, ons gaan dit nie voor donker maak nie."

"Jy moet die kind laat rus, hy's moeg. Ek kan sien."

"Dan kon hy gesê het hy's moeg."

Hulle het geloop tot by 'n stuk oopte langs die pad. Die man het die trommel op 'n boomstomp neergesit en hy en die vrou het ook gaan sit.

"Kom, Lukas, kom sit hier by ons," het die man hom geroep. Hy het nie by hulle gaan sit nie; hy het op sy hurke langs die pad gaan sit, met sy rug na hulle toe, en gewonder of dit nie dalk die pad Lange Kloof toe is nie.

"Kom sit hier, Lukas!"

"Los hom Elias, hy's seker nog skaam." Die man het agter hom kom staan. "Jy moet iets kom eet" het hy gesê.

10.1 In r.1-11 word berig oor die seun wat sonder teenstand saam met die vreemde man en vrou stap. Tog het hy vroeër gerebelleer. Wat presies het hy gedoen? (1)

10.2 Watter tegniek gebruik die skrywer in r.15-16 om Benjamin se eensaamheid te beklemtoon? (1)

10.3 In r.17 is daar 'n voorbeeld van personifikasie. Dui dit aan en sê wat die funksie daarvan is. (2)

10.4 Lees weer r.23-24. Gee TWEE redes waarom Lukas nie die vrae beantwoord nie. (2)

10.5 Wat impliseer r.37? (1)

10.6 Watter kos het Elias en Barta geëet? (1)

10.7 Lê jou simpatie by Elias-hulle of by Lukas/Benjamin? Motiveer jou standpunt. (2)

10.8 Wie is die **lange** in r.6? (1)

10.9 Wat beteken dit dat dit **helwaarts met die lange** is (r.21)? (1)

10.10 Waar kry Benjamin die vyf sjielings (r.26)? (1)

10.11 Waarom is Lukas/Benjamin bly die vyf sjielings is in sy sak en nie in die trommel nie? (1)

10.12 Lukas/Benjamin was moeg, maar wou dit nie erken nie. Die man en die vrou was ook al moeg. Bewys dit uit r.27-28 en r.30. (2)

10.13 Lees weer r.55-60. Gee TWEE bewyse uit Lukas/Benjamin se lyftaal en gedrag dat hy nie met Elias en Barta wil identifiseer nie. (2)

**EN**

"Kom, kinders, kom! Ons wag al lank vir julle." Elias van Rooyen het opgespring en oordoenerig voor die vreemde man rondgetrap. "Kom groet die oom, Nina! Jy ook, Lukas, Gee die oom die hand. Dis onse boswagter van Diepwalle af, mister Kapp." Iets was weer nie reg nie. Nina het stokstyf gestaan soos een wat doodgeskrik is, en hulle pa het bly rondspring met geen teken van sy rug wat nie meer wou buig of sy bene wat nie meer wou loop nie. Elke woord was heuningsoet. "Lukas, tant Gertjie het al laat verneem wanneer jy vir haar kom voorlees." Hy het na die boswagter gedraai en met doodse erns gesê: "Ek vra jou, mister Kapp, waar kry jy vandag nog 'n jongeling wat vir 'n ou mens Sondae uit die Woord van God loop voorlees omdat sy self nie kan lees nie?"

"Is Pa dronk?" het Nina uit die hoek van haar mond gevra.

"Ek weet nie."

"Sê nou dis oor die mondfluitjie wat hy hier is?"

"Lukas, loop lees nou eers vir tant Gertjie, moenie haar laat wag nie. Mister Kapp wil met Nina praat."

Dit was skielik helder duidelik dat sy pa hom uit die pad wou hê. En Nina was bang, sy het haar vingers inmekaar staan en draai asof sy hulle wou afbreek. Hy het self onrustig begin wonder of dit oor die fluitjie kon wees. Maar dan sou sy pa nie so oorrek gewees het van die vriendelikheid nie.

| | | |
|---|---|---|
| 10.14 | Wat was die doel van Mister Kapp se besoek? | (2) |
| 10.15 | Gee DRIE redes uit hierdie stuk wat bewys dat Elias skynheilig is. | (3) |
| 10.16 | Skryf Nina se woorde neer wat haar verbasing uitdruk. | (1) |
| 10.17 | Waarom is Nina skielik bang? | (2) |
| 10.18 | In r.76 is daar TWEE woorde langs mekaar wat eintlik dieselfde beteken. Skryf daardie TWEE woorde neer. | (1) |
| 10.19 | Waarom is Elias so vriendelik met die boswagter? | (1) |
| 10.20 | Waarmee word Elias se woorde vergelyk? | (1) |
| 10.21 | Lees r.71. Waarom vra Nina die vraag **uit die hoek van haar mond**? | (1) |
| | | **[30]** |

**OF**

## VRAAG 11

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord daarna die vrae wat daaroor gestel word.

"Dáároor het hy ook gepraat, oor die verskil tussen teorie en praktyk tussen praat en optree, handel..."

"So?" Sy oë is weer op David gerig. "En hoe het hy op die onderwerp gekom?"

"Ons het gepraat oor die politiek – ek het gesê dat daar iets verander het, dat dit nie meer dieselfde is soos vroeër nie – ons, julle..." Hy weet nie hoe om te verduidelik nie, maar Liam kyk na hom asof hy weet. "Toe het hy gesê dat daar nou weer oplewing kom, met die lente..."

"Niks meer nie, op praktiese vlak bedoel ek?"

"Nee. Niks nie."

"Hy weet veel, maar gelukkig weet hy ook hoe om sy mond te hou."

"Waarom is dit gelukkig?" vra David, en toe is Liam vir 'n oomblik stil, asof hy die implikasie besef van die vraag en van sy eie woorde.

"Wil jy dan meer weet?" vra hy uiteindelik. "Is jy nie tevrede met wat jy reeds weet nie?"

"Ek weet niks nie – net dat daar geheime organisasies bestaan, dat daar soms mense vermoor word, beeste weggedrywe..."

"Is dit dan nie genoeg nie?" vra Liam. "Waarom wil jy meer uitvind as dit?"

"Ek was gelukkig gewees hierdie winter," sê David langsaam, en die erkenning kom nog 'n bietjie swaar. "Met julle almal – dit was anders as ander jare, alleen by die huis. Maar ek is nog altyd vreemd."

"Ja, seker," sê Liam. "Uiteindelik bly jy tog maar die heer, die grondeienaarseun; ek die boer, die skoolmeester. Bly liewer weg van die dinge wat ons aan die verskil herinner, David, aan die dinge wat jy nie sal verstaan nie."

"Hoe weet jy dat ek nie sal verstaan nie?" vra David. "Daar is tog ander dinge wat ek verstaan, waarom nie ook hierdie dinge nie?" Liam antwoord nie dadelik nie. "Die priester het gesê dat julle my nie vertrou nie, dat ek niks gedoen het om te bewys dat ek vertrou kan word nie. Maar wat móét ek doen?"

"Dade is nie altyd veel meer betroubaar as woorde nie," antwoord Liam. "Uiteindelik kan jy tog maar net vir jouself iets bewys. Maar weet jy wat daar op die spel is, David? Dis groter dinge, belangriker dinge as wat jy miskien kan raai – kwessies van lewe en dood, nie net plaaslike wraakplannetjies nie."

"Sir Thomas?" vra David.

"O ja, sy dood ook, op 'n manier; dit is deel van al hierdie dinge. Wil jy jou in hulle begewe, jy wat jou vader se seun is, broer van sir Thomas se opvolger in die Parlement?"

"Ek het julle so goed leer ken, so ver gegaan saam met julle. Waarom kan ek nie verder gaan nie?"

"Tot die swaard of die piek in jou hand; tot die geweer teen jou bors, miskien, of die stop om jou nek? Sover, vriend?"

Hy skud sy kop. "Ek verstaan nie meer nie, ek begryp nie. Wat moet ek doen?"

"Eintlik hoef jy niks te doen nie, wat vader O Floinn ook sê; dit moet jy vir jouself besluit. Ons..." Hy aarsel vir 'n oomblik. "Hoeveel weet jy van wat daar in Ierland gebeur?" vra hy toe skielik.

"Ek bly my hele lewe al hier."

11.1 Uit watter woord in reël 1 kan ons aflei dat David en vader O Floinn oor verskeie onderwerpe gepraat het? (1)

11.2 Na wie verwys die **ons** in r.6 en **julle** in r.7? (2)

11.3 Waaroor moes vader O Floinn sy mond hou in r.12 – r.13? (1)

11.4 Wat is die funksie van die ellips in r.20? (1)

11.5 Waarom beskou David homself nog steeds as **vreemd** in r.26? (1)

11.6 Hoe sluit David se optrede aan die einde van die verhaal aan by sy vraag in r.35? (2)

11.7 Wat bedoel David met **weer** in die frase ...**weer oplewing kom met die lente** in r.8 – 9? (1)

11.8 In watter opsigte is die woorde van Liam in r.38 – 40 profeties? (2)

11.9 Waarna verwys die woord **dinge** in r.42? (1)

11.10 Bedoel Liam dit opreg as hy David aanspreek as vriend in r.48? Motiveer. (2)

11.11 In watter opsigte beïnvloed vader O Floinn die latere daad van David? (2)

11.12 Watter karaktertrek van David blyk uit Liam se woorde **Is jy dan nie tevrede met wat jy alreeds weet nie** (r.17 - 18)? (1)

11.13 Verduidelik hoe David die **ander jare** (r.25) deurgebring het. (2)

11.14 Hoekom aarsel Liam in r.52 voor hy aan David 'n vraag stel? (2)

11.15 Dink jy David se broer was 'n goeie keuse as parlementslid? Motiveer. (2)

11.16 11.16.1 Skryf neer die uiterlike handeling van David in r.45 – 51 wat dui op sy moedeloosheid? (1)

11.16.2 Wat is die rede vir hierdie gemoedstoestand van David? (2)

11.17 In watter opsig is David se antwoord in r.54 ironies? (2)

11.18 **Die priester het gesê dat julle my nie vertrou nie** (r.33 – 34). Sou jy David vertrou het? Motiveer. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 12

***Toorberg*** **– Etienne van Heerden**

Bestudeer die volgende fragment en beantwoord die vrae wat volg:

Ná 'n rukkie klim hy terug in die motor en dit kom opgekruie na Kaatjie-hulle se huis So 'n honderd tree weg raak die paadjie te klipperig en die bottelskerwe te baie. Die motor hou stil. Die sink van die konynhok begin Kaatjie se voete brand, want die son sit al hoog, maar sy bly haar oë noutrek om die twee mans te peil wat uit die motor klim en na die Stiefveldhuisie aangestap kom. Shala is die berg in met sy bokke en die kleinkinders is by Amy O'Leary, Posmeester Moolman se vrou, se skool. Dis net sy en Meisie Pool wat by die huis is.

Ná Druppeltjie du Pisani se ongeluk het Meisie na die Stiefveld teruggekom om na Oneday se kinders om te sien.

Sodra die twee mans dertig tree weg is, sukkel Kaatjie van die hok af en skommel die huisie in. "Meisie, jou slegvel," skree sy, "vee uit die herd en gooi die pot onder my bed uit. Hier kom twee witmans aan. Dis sweerlik speurders. Vandag keer hulle weer die matrasse om vir Oneday se papiere." Sy gaan staan voor die gekraakte spieël bo die wasskottel in haar afskorting en knoop haar doek oor. Sy druk haar hare onder die doek in en haal 'n paar skoene uit die kis onder die bed. Toe die magistraat saggies aan die buitedeur klop, kom sy van agter die afskorting asof sy heeldag daar was en groet: "Goeiemôre, menere."

Die magistraat en die assistent-klerk van die hof, wat aan hom toegewys is as motorbestuurder, buk die huisie binne.

"Ek soek mevrou Kaatjie Danster," sê hy.

Sy staan nader. "Dis díe vrou wat u voor u sien, meneer. Is u twee sersante?"

"Nee." Die magistraat skud sy kop en glimlag. "Nee" sê hy weer. Kaatjie wag. Agter die afskorting begin een van Oneday en Meisie se kinders huil. Daar hang nog stof en as in die lug soos Meisie Pool vinnig die herd skoongevee het. Die magistraat kyk na Kaatjie se helder blou oë, die verrimpelde bruin vel. Hy sien hoe krom die hande is wat sy om haar elmboë hou, die voete in die skoene ook.

"Ek is die magistraat," sê hy dan. "Magistraat Van der Ligt. Ek kom uit die stad. Ek kom die dood van Noag Moolman ondersoek."

"'n Jaar later?" Kaatjie Danster voel hoendervel oor haar kom en sy hoor weer, kompleet soos 'n jaar gelede toe sy Druppeltjie in die pad gekry het, die kolganse teen Toorberg se kranse roep.

"Veertien maande," sê die magistraat. Hy kyk om hom: na die herd met die ysterpot aan 'n haak langs die vuurmaakplek, die kombuiskas met patroongeknipte koerantvelle waarop blikbekers en –borde en enkele stukke porselein gerangskik staan. In die hoek staan 'n kitaar met 'n voos kol soos die speler se vingers daaroor gestryk het. 'n Klos velle hang van 'n balk. "Wie se kitaar is dit?" vra hy.

Kaatjie Danster skrik. "Dis myne," sê sy vinnig.

"Kan u speel?" Die magistraat glimlag.

"Nee, meneer. Ek ken nie snare nie."

"Maar dit lyk of daar 'n hand oor hom was." Die magistraat stap na die kitaar en tel dit op. Hy bestudeer die snare van naderby.

Kaatjie Danster trek haar oë nou. "Dis my jongste seun s'n," sê sy na 'n ruk. "Oneday Riet. Hy is van die kerk."

"O." Versigtig maak die magistraat weer die kitaar teen die muur staan. Die klerk draai ongemaklik rond. "Ek wens ek kon speel," sê die magistraat en beduie na sy arm.

Kaatjie trek haar oë op skrefies. "Dis die eerste magistraat wat in die Stiefveld kom," sê sy.

"Daar's 'n rede." "Die magistraat se oë speel met haar. "Sodra u ons nooi om te sit, sal ek u meer vertel."

"Meisie Pool!" roep Kaatjie na die afskorting. Meisie kom skaam uit. Sy't intussen rooi lipstiffie aangesit, maar die baba op haar arm het dit oor haar wang gesmeer.

"Middag, Edelagbare," groet sy.

"Middag."

"Meisie, bring die sitbankies van buite in. Die Edelagbares wil praat. Kook water. Toe, toe, steek brand die herd." Kaatjie begin ineens skarrel en die magistraat en die klerk gaan sit op die bankies wat Meisie van buite aandra.

Terwyl hulle op die koffie wag, kom sit Kaatjie voor die magistraat. Sy vou haar arms en trek haar doek laag oor haar voorkop.

"Hier kom nie aldag witmense nie, Edelagbare," sê sy.

Die magistraat trek sy skouers op. "Ek hoop nie u gee om nie, mevrou Danster."

Sy skud haar kop driftig. "Dis vir my 'n eerbare dag."

"Kyk," en die magistraat steek 'n sigaar aan, "die regering het my gestuur om die saak van Noag du Pisani te ondersoek."

Hy wag op Kaatjie se reaksie. By die herd het Meisie, baba op die heup, die vuur begin aanblaas. Kaatjie kyk na Meisie, dan na die magistraat.

"'n Jaar terug was hier al 'n wetsman," sê sy dan sag.

"Die regering het gesê ek . . ." Die magistraat beduie na die klerk:

"Ons moet weer kom luister."

Kaatjie trek haar skouers op. "Almal weet tog als. Dis in die oopte in. Dit was van die begin af só. In die oopte. Met die groot treurigheid was daar 'n predikant, 'n witte, en my eie seun ook. Oneday Riet. En daar was sersante. Daar was baie getuies. Die hele familie was daar tesame. Dis in die oopte. Hoekom wil die regering nou weer kom krap in onse lewens? Abel het juis half kêns beginne raak ná die ding en Ella Moolman was self 'n ruk lank 'n affêre van 'n mens." Sy skud haar kop en trek weer die doek laag oor haar oë, asof sy die frons op haar voorkop wil wegsteek.

"Hoe meer getuies, hoe verder wyk die waarheid," sê die magistraat.

Kaatjie antwoord nie. Sy hou haar gesig bot.

"Ek moet u getuienis afneem, mevrou Danster," hou hy sag vol en vryf oor sy stompie. "Sal u my vertel wat u weet?"

12.1 Ons lees van Kaatjie se twee seuns, Oneday en Shala. Wat weet jy van Shala se vrou en kinders af? (2)

12.2 Waarom is Kaatjie se voete so gevoelig vir die hitte (r.3)? (1)

12.3 Motiveer uit r.27 – 29 dat Druppeltjie se dood Kaatjie baie diep raak. (1)

12.4 Motiveer uit r.3 – 5 en r.32 waarom aanvaar kan word dat Kaatjie Danster in armoede leef. (2)

12.5 In r.35 skrik Kaatjie en vertel 'n leuen. Verklaar haar optrede. (2)

12.6 Verduidelik (Verklaar) die volgende woorde: **Nee, meneer. Ek ken nie snare nie.** (1)

12.7 Gee EEN rede waarom die magistraat nie kan kitaar speel nie. (1)

12.8 Kaatjie verwys na witmense. Sy is self 'n bruinmens. Bewys dit uit r.55 – 56. (1)

12.9 Skryf TWEE afsonderlike woorde neer uit r.9 – 10 wat daarop dui dat Kaatjie 'n lywige vrou is. (2)

12.10 In r.3 word verwys na die son wat **al hoog** sit. Hoe laat is dit? (1)

12.11 Kaatjie blameer vir Meisie Pool in r.10 en tog is die beskuldiging ironies. Waarin lê die ironie? (2)

12.12 Oneday is nie slegs 'n pastoor nie, maar bots ook met die gereg. Waarom gebeur dit? (1)

12.13 Wie is die hy in r.1 en waarom was hy buite die motor? (2)

12.14 Verduidelik die funksie van die dubbelpunt in r.30. (2)

12.15 Lees weer r.4 en r.40. Watter handeling van Kaatjie word hier beskryf? (1)

12.16 Watter innerlike handeling van Kaatjie word hierbo in 12.15 beskryf? (1)

12.17 In die aangehaalde gedeelte word daar op twee verskillende wyses na die oorledene verwys. Skryf daardie TWEE benamings neer. (2)

12.18 Watter ander bynaam het die oorledene ook gehad? (1)

12.19 Wat is die funksie van die ellips in r.65? (1)

12.20 Motiveer dat Abel **half kêns** begin (r.71) begin raak het as gevolg van die gebeure. (1)

12.21 Waarom is r.74 paradoksaal? (1)

12.22 Wat bedoel Kaatjie met: **Dis in die oopte in** (r.67)? (1)
**[30]**

**OF**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 13 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) |
| Vraag 14 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) |
| Vraag 15 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) |
| Vraag 16 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) |

Beantwoord Vraag 13 óf 14 óf 15 óf 16, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Hou duidelik by die vereiste lengte en gee baie aandag aan die taal en styl wat jy gebruik.

## VRAAG 13

***Kringe in 'n Bos*** **– Dalene Matthee**

13.1 Die hoofkarakter Saul Barnard is nie net in uiterlike konflik gewikkel teen Bos- en dorpsmense nie; hy word ook gekonfronteer met situasies waar hy gedwing word om die korrekte keuses te maak. Bespreek dié innerlike konflik wat Saul ervaar in 200 – 250 woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Saul se weggaan uit die Bos
- Saul se vriendskap met Kate
- Saul se tweestryd in Swellendam
- Jou eie mening of Saul telkens die korrekte keuses gemaak het (20)

13.2 Ou Maska is nie net 'n houtkapper in Joram Barnard se houtkapspan nie; hy is ook 'n tussenganger in hierdie verhaal. Bespreek hierdie stelling in 120 – 150 woorde en gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- Maska as tussenganger tussen Saul en Oupoot
- Maska as tussenganger tussen Saul en Jozef
- Jou eie mening of Maska se rol as tussenganger suksesvol was (10)

**OF**

## VRAAG 14

***Fiela se kind*** **– Dalene Matthee**

14.1 Met die eerste uitgawe van ***Fiela se kind*** het die volgende aanhaling op die stofomslag verskyn:

**God vergewe ons baie**
**maar God vergewe ons nie**
**die kwaad wat ons 'n kind**
**aandoen nie**

In hierdie verhaal is Benjamin Komoetie deur verskeie mense verontreg. Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde oor Benjamin se verontregting en fokus op die volgende persone. Verduidelik ook ten slotte wie jy die meeste kwalik geneem het en motiveer jou standpunt.

- Die sensusmanne
- Die magistraat
- Elias
- Barta (20)

14.2 Ten spyte daarvan dat Lukas onregverdig behandel is, is hy 'n man wat nie wraak neem nie. Bevestig hierdie standpunt in 120 – 150 woorde met verwysing na die volgende twee insidente:

- Lukas se eerste terugkeer Bos toe nadat hy vir Kaliel gaan werk het.
- Lukas se besoek aan die lang man nadat hy met sy tweede besoek aan die Bos by Barta moes hoor dat sy voor die magistraat gejok het. (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 15

***By Fakkellig*** **– Karel Schoeman**

15.1 **Jy's 'n held, milord – al die mense praat oor jou; hulle het ballades oor jou gemaak**. Aanvanklik is David feitlik onbewus van die Ierse boerevolk; ten slotte word hy as held deur hulle vereer. Bespreek in 200 – 250 woorde hoe David betrek word by die Iere deur na die volgende aspekte te verwys:

- Sy bewuswording van hul lewensomstandighede
- Sy kennismaking en vriendskap met die Ierse pagters en hul invloed op sy lewe
- Die daad wat hom uitsonder as held
- Jou eie mening of hy werklik as held uitgesonder kan word (20)

15.2 Die uitbeelding van David se geestelike groei en ontwikkeling val saam met die seisoensverandering. Bespreek hierdie onderlinge verband in 120 – 150 woorde deur aandag te skenk aan die volgende hoofpunte:

- Die lente bring vir David nuwe lewe
- Die herfs bring vir hom eensaamheid
- Die winter bring 'n nuwe bewuswording
- Die tweede lente bring besluitneming
- Jou eie mening of David werklik verandering ondergaan (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 16

***Toorberg* – Ettienne van Heerden**

16.1 In hierdie roman speel die magistraat 'n sleutelrol. Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde en verwys na die hoofpunte in die volgende raamwerk:

- Die magistraat se naam, van, sy karakter en die doel van sy besoek aan Toorberg.
- Die briewe aan sy vrou:
  - waarom is dit ironies?
  - watter lig werp dit op sy ondersoektaak?
- Hoe raak die magistraat gaandeweg self betrokke by die probleem wat hy probeer ontrafel? (20)

16.2 Druppeltjie du Pisani is 'n besonderse karakter. Skryf 'n opstel van 120 – 150 woorde waarin jy die volgende belig:

- Wie is Druppeltjie? (Vertel meer van sy karakter.)
- Hoe presies is hy dood en waarom kan sy dood as offer beskou word?
- Verduidelik hoe Abel se gesindheid gaandeweg teenoor Druppeltjie verander het. Hoe verklaar jy hierdie verandering? (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**